# KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 72 25 September 2015




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Brood en vermaak**

Saterdag 19 September 2015 was vir baie Suid-Afrikaners erg traumaties. Op sportgebied het die skokgolwe van Japan wat die Springbokke oorrompel op die rugbyveld begin en dit kring steeds uit. 'n Paar voorspelbare reaksies was sigbaar.

Die Engelse wat sekerlik nog nie Amajuba vergeet het nie, het gejuig oor die Bokke se neerlaag, so ook elke span en nasie wat die Bokke as bedreiging ervaar (het).

Die Bok-ondersteuners het in twee kampe verdeel, die wat hulle redeloos lojaal gaan aanhou ondersteun en diegene wat verskeie punte van kritiek opper en onderneem om daarom op te hou met die Bokke ondersteun.

Daar is natuurlik diegene wat nie eens kennis gedra het dat die 2015 wêreldbeker rugby toernooi begin het nie en op geen manier geraak voel nie.

Baie redes en verskonings is na die nederlaag gesoek.

Die een reaksie wat opvallend was, was die minister van sport wat gestel het die "ou manne" moet plek maak vir jong manne, die Springbokspan is tog nie 'n ouetehuis nie. Die opmerking is vreemd, komende van 'n ANC kader! Om agter 'n moontlike kap van hierdie byl te kom, is dit nodig om na die verlede te kyk in sy bepaling van toekomsmoontlikhede.

Die frase "*panem et circenses" is gebruik deur* Decimus Junius Juvenali in sy satire X (10). Direk vertaal beteken die frase "brood en sirkusse". Dinamies vertaal verwys dit na "brood en vermaak". Die term word gebruik om te verwys na die strategie van sekere mense om duidelik oppervlakkige behoeftes te bevredig.

In die politieke arena is dit 'n verwysing na die strategie van maghebbers om massa-goedkeuring te kry deur die aandag af te lei van brandpunte in die politiek. Dit word gedoen deur oppervlakkige behoeftes aan te spreek. Die wegkalwe van mense se betrokkenheid by sake van groter belang, word so bewerkstellig.

'n Opmerking toegeskryf aan Marcus Tullius Cicero kan dit aandui. Vry vertaal is die stelling: "Die verkeerdheid was nie *per*

*se* opgesluit in die brood en vermaak nie, maar in die bereidheid van die mense om vir vol magies en die opwinding van die vermaak hulle aandag te laat aftrek van ander dieper humane hongers wat nie deur brood en vermaak gestil kan word nie".

George Orwell, outeur van klassieke boeke soos *Animal farm* en *1984*, skryf: "Sokker, bier en veral dobbel het die horison van hulle verstand totaal in beslag geneem. Dit was maklik om hulle te beheer".

Daar is geen twyfel nie dat die ANC hierdie strategie suksesvol gebruik in hulle manipulasie van die massas. Beloftes van verdere restitusie, die uitdeel van kospakkies, gratis behuising, gratis dienste, gratis krag en water, gratis T-hempies is vryelik beskikbaar voor elke verkiesing.

Die blankes, en veral die Afrikaner, word nie deur hierdie "*panem et circenses*" beweeg nie. Die rottang vul egter die brood en vermaak aan. Die blanke word gereeld herinner aan die "vergrype van apartheid" en sy beweerde skuld aan hierdie vergrype. Die gekweekte skuldgevoel word dan gebruik om stilswyende deelname aan erge rassistiese "transformasie" te bolwerk.

Die rottang kan net so lank die rug laat buig. Skuldgevoelens kan net so lank manipuleer word. Juis daarom is daar steeds 'n paaiende aandag-afleier nodig. Rugby en krieket pas so mooi in daardie kraal.

Die fiasko rondom die krieket wêreldbeker het tog skynbaar die ANC sekere lesse laat leer.

Die propaganda rondom transformasie was die groetwoord waarmee die Proteas afgesien is. Toe die span in die uitspeel rondtes kom, was 'n hooggeplaasde ANC kader se oproep die rede vir 'n verswakte Proteaspan wat verloor het. Die Proteas het meer as net die wedstryd verloor, hulle het ook baie steun en ondersteuners verloor. "Solank rassisme en kwotas die spankeuses dikteer, sal hulle nooit kan wen nie" is meer as een keer as rede aangegee.

Die agbare minister se opmerking oor die ou manne in die Springbokspan moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Rugbyondersteuners wil nie net vermaak word nie, hulle wil sien hoe hulle span **wen**. Om "transformasie" die skuld te gee vir enige verloor, sal mense vervreem".

Die Springbokke is ook oorsee gestuur met klanke van "te min swart, te veel wit" in die span. Daardie boodskap van sogenaamde nodige transformasieteikens wat nie bereik is nie, het hulle duidelik gehoor. Nou moet hulle wen, anders gaan die boere ontevrede wees. Die blankes se aandag gaan nie so maklik deur net die spel afgelei word nie. Die euforie en "transformasie" wat die vorige twee oorwinnings bewerkstellig het, is nou die "*panem et circenses*" wat die ANC maghebbers *brood*-nodig het om die aandag af te lei van die ekonomie wat ineen stort, beurtkrag, die "transformasie" wat alle kundigheid uit die werkplek en ekonomie ban. Die euforie van die blanke is baie bruikbaar. Daarvoor moet die Bokke goed ... Bokspring?.

## BERIGTE

### Bondsvergadering

In hierdie uitgawe gaan ons voort met berig oor sake van belang soos bespreek en besluit by die Bondsvergadering.

- **Huisgemeentes.** Die vergadering het besluit dat "huisgemeentes" verwys na elke huisgesin in die kerk. 'n Gemeente

ontstaan sodra daar ampsdraers verkies en bevestig is. Daar sal na elke gemeente waar daar ampsdraers verkies en bevestig is en waar erediens gehou word, verwys word as "**gemeente**". Dit maak nie saak hoe groot die gemeente is nie. Die Bond sal nie weer na huisgemeente of mikro-gemeente verwys nie.

- **Liturgiese ordes.** Die voorgestelde liturgiese ordes sal na die komitee vir liturgie verwys word. In die tussentyd kan gemeentes gebruik maak van dit wat hulle het of by ds Arno Niewhof of dr Otto navraag doen oor die ordes wat hulle voorgestel het.
- **Doopsertifikate, lidmaatboekie.** Elke gemeente kan na eie goeddunke daarmee handel. Dieselfde geld dopregisters en elektroniese lidmaat-registers. Daar is voorbeelde beskikbaar.
- **Liedboek.** Die staande besluit is dat alle vorige begeleidingsboeke, soos deur ons gebruik in die verlede, geskik is vir gebruik in die erediens onder opsig van die ouderlingevergadering.
- **Bondsbydraes**. In die lig van die besluit soos geneem tydens die vorige Bondsvergaderings, besluit die Meyerspark vergadering om die huidige werkswyse waar 7% van 'n gemeente se offergawes aan die Bond oorbetaal word, te handhaaf. Hierdie werkswyse sal onveranderd bly tot en met die afhandeling van die hofsake, en daar sal nie enige verdere finansiële druk op gemeentes geplaas word deur addisionele verpligtinge aan te gaan nie. Die volgende sake moet in ag geneem word: Elke vereniging se onafhanklikheid word erken en bevestig. Die vergadering is bewus daarvan dat alle finansiële sake eers deur die onderskeie verenigings oorweeg en hanteer sal word. Die Bond besluit ook om uitgawes tot die minimum te beperk, bydraes word uitsluitlik aangewend vir regskostes en administratiewe kostes word betaal vanuit bestaande en toekomstige fondse, soos ontvang in die vorm van donasies. U word daarop gewys dat indien ons die saak met 'n kostebevel wen, ons die geld, nadat ons dit terug ontvang het, pro-rata aan gemeentes sal terugbetaal. U moet egter in ag neem dat die regspan intussen vergoed moet word.
- **Versekering**. Die Vergadering gee opdrag aan die finansiële komitee om die nodige stappe te doen om professionele lewensversekering op die lewe van adv R du Plessis te bekom.
- Die **konsep-kerkorde** sal in Die Skietlood onder die loep geneem word.

## KENNISGEWINGS

1. **Advertensies**

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Belang-stellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.
- Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252.
- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

**ella@teamworkprinters.com**




**2. Geloofsbond Eredienste :**
ww. geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas. http://www.geloofsbond.org.za/

**3. GELOOFSBONDKWILT**

Die koning/ koningingrootte kwilt is saamgestel uit blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes ingestuur is. Die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus, wat 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand. Die fondse gaan aangewend word vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente.

Lootjie**vorms** is beskikbaar by Ella teen R20 elk of R100 vir 6. Lootjie**lyste** is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes. Gemeentes kan ook met Ella skakel om nog lootjielyste te kry. Kontak haar gerus by

ella@teamworkprinters.com

